21 Februrie 2009

Volume 5

Excelsus Genetics

Excelsus Landgoed

Your Gateway to International Genetics

In Hierdie Weergawe:

Foreign Legion *2*

RX Platinum *2*

Bull van die jaar 2008 *3*

Signature Bul 2008 *3*

Red Bullet *3*

Ontwerp die perfekte Simbra *4*

Kontact ons;

Graeme Currin

0828938147

excelsusmc@mweb.co.za

Excelsus Teel Doelwitte Herontwerp

Elke jaar vergader die Excelsus Bestuur om die jaar se gebeure te evalueer en te analiseer met die doel om die stoet, die genetika en die plaas se bestuur te verbeter. Probleem areas word geïdentifiseer, bespreek en strategieë word in werking gestel, wat die huidige, die vyf en tien jaar doelwitte beïnvloed.

Finansiële beplanning, infrastruktuur, natuurlike en aangeplante weiding bestuur word deeglik bespreek, aangesien genetiese verbetering alleenlik suksesvol kan plaasvind indien hierdie grondslag reg gelê is. Die Bestuur hersien dan die doelwitte en die strategiese rigting waarin hulle beoog die kudde moet vorder, alvorens die jaarlikse kudde konsultasie gehou word.

Tydens die kudde konsultasie, word elke stoetkoei bespreek en korrektief gepaar volgens die teelbeleid. Die tien punt teelbeleid is uiteengesit op die agterkant hiervan. Die volledige dokument kan besigtig word op Excelsus Landgoed se webblad:

excelsuslandgoed.co.za

"The Event 09 Bou die Toekoms"

Excelsus rig 'n spesiale word van dank aan al die kopers, bemarkers en almal wat "The Event '08" bygewoon het en gehelp het om die veiling 'n groot sukses te maak. Dit is vir ons 'n uitdaging om voort te bou op hierdie veiling en om te verbeter op dit wat aangebied was. Excelsus streef daarna om slegs die beste genetika beskikbaar te stel.

Van die beste vroulike diere, spesiaal uitgesoek op grond van hulle teelvermoëns, sal beskikbaar wees op "The Event '09", asook Bulle van die hoogste gehalte. Beproefde stoetbulle soos Wisp Will Jim, asook die Gugi seuns, Gas en Gambino sal op die veiling aangebied word.

Nog 'n kwaliteit aanbieding van Excelsus!!
Jou innoverende leier in die Simbra Ras.

Excelsus Buitelandse Legioen 2009



PRR Perfection

PRR Prevail

PRR Scout

Excelsus onderskei hulle daarin dat hulle altyd poog om die beste genetika van regoor die wêreld te bekom. Hier het Excelsus 'n buitelandse legioen opgebou wat bestaan uit Bulle van die Amerikaanse stoeterye naamlik Pine Ridge, La Muneca, RX, Smith Genetics en Filegonia. Stoet bulle van kuddes in Namibiê, soos bv. Kamab, Diana's en Makam, het daartoe bygedra dat Excelsus oor top klas genetika en uitstekende bulkrag beskik.

Hierdie kuddes lewer uitstekende diere wat die vermoë het om die unieke eienskappe van die Excelsus tipe Simbra te bevorder en vas te lê. As jy na die foto's kyk, sal daar opgemerk word dat elke dier aan ons teel doelwitte se vereistes voldoen.

Gegruik net die mees akkuraatste saad om jou genetiese oorlog voortesit

RX Becherovka

Skakel in en ontsluit die genetiese vuurkrag van die Excelsus Buitelandse Legioen

Die fokus is op goeie konformasie, breedte, kapasiteit, adellike houding, sterk bene en hoewe, gerugsteun deur sterk moederlyne. Puik bulle het puik moeders en die Excelsus teelprogramme identifiseer en konsentreer op die vroulike lyne van elke stoet bul.

Simbra, The key to profitable farming

Platinum – Edel Metaal, skaars en waardevol. Die genetiese waarde van die Bul , prysloos.

RX Platinum

Platinum Calves by Excelsus

Patriot en Red Bullet.

‘n Ongelooflike Vader Seun Kombinasie

Red Bullet

LMC Patriot

Excelsus El Amigo

Red Bullet, vaar van Patriot die Excelsus Bul van die Jaar 2008 en Patriot vaar van El Amigo, die Excelsus “Signature” Bulkalf van die Jaar 2008.

Patriot spog met ‘n moederlyn, wat geag word as van die beste in die Ras. Patriot is geteel deur die wêreld-bekende Red Bullet uit She Moves, die populêrste Simbra Koei in die VSA. Patriot het vier van La Muneca se Dream Team, “Super Donor Cows” asook die koei 3E89 wat Full House geteel het in sy stamboom. Patriot het kalwers wat baie potensiaal toon vir Excelsus geteel, soos bv. El Amigo, El Shura, El Patriot, El Aztec, El Mexico asook verse soos La Penny, La Charity, La Qik, La Kit en La Ribbon, almal wat meeding vir ‘n plek in die Excelsus elite vers en bul groep

Red Bullet son LMC No Limit

Red Bullet Full Sister Morning Star

Red Bullet Son LMC Suave



African Bred Patriots

Uitstaande kalwers, geteel van goeie koeilyne, met bulle van die beste genetika wat Amerika kan bied, sorg vir ‘n resep wat nie kan misluk nie. Die Patriot kalwers het ‘n vars briesie deur Excelsus geblaas en ons pluk nou die vrugte van ‘n wel deurdagte plan.

Die Red Bullet nageslag in Amerika, verkoop teen premie pryse en is skouwenners. Excelsus verwag die eerste Red Bullet kalwers in November 2009, en kan nie wag nie!

Excelsus Genetics

Die Simbra ras het die vermoeë om aan te pas in alle geografiese gebiede in alle produksie stelsels om ekonomies te produseer.

Excelsus Genetics
Po Box 60
Oranjeville
1995
Graeme Currin
082 893 8147
Hennie De Lange
082 455 1630
excelsusmc@mweb.co.za
www.excelsuslandgoed.co.za

Excelsus; Trots Suid Afrikaans!

Excelsus ontwikkel die perfekte Simbra

Fenotipe

1. Oorwegend rooi met ‘n witbles.
2. Verkieslik Poenskop.
3. Sterk, swart harde hoewe.
4. Bulle moet ‘n netjiese skede, geen prolaps, en goeie testes omvang hê. Vroulike diere moet min of geen naelvel hê, ‘n netjiese simmetriese uier, met medium grootte spene.
5. Sterk kootgewrigte, droë hakke wat nie sekelhakkig of regop is nie.
6. Lang lengte van lyf met goeie breedte, goed bespierde agterkwart waarvan die binne en buite dye goed bespierd is.
7. Goeie breedte tussen die sit- en voorbene, maar nie prominent in die skouers.
8. ‘n Matige val van heup na sitbene met goeie lengte tussen die sit- en die heupbene.
9. Goeie sprong van rib en die toon van goeie kapasiteit.
10. Sterk lende, ‘n breë rug en voldoende bespiering agter die skouer met geen duiwelsgreep.
11. Fyn haar kwaliteit en ‘n los vel
12. Bulle moet beskik oor ‘n sterk bespierde nek met ‘n breë manlike kop, prominente oogbanke en ‘n breë bek.
13. Vroulike diere moet wigvorming wees, bespiering en vroulikheid toon.
14. Verdonkering van die hare op die bulle se nekke.

Tipe

Die Excelsus Simbra moet ‘n 5/8 3/8 Simbra wees van ‘n medium raam wat baie vleis dra. Diere moet mobiel, nie temperamenteel, gehard, maklik aanpasbaar en goed gebalanseerd en simmetries wees.

Die Simbra Ras het toegang tot die onbeperkte Simmentaler en Brahman genepoel, wat gebruik kan word om te selekteer vir spesifieke eienskappe wat die Ras se ontwikkeling kan promoveer.